

Die drieledigheid van die Mens - Gees, Siel en Liggaam!



1Thes 5:23 En mag Hy, die God van die vrede, julle volkome heilig maak, en mag julle gees en siel en liggaam geheel en al onberispelik bewaar word by die wederkoms van onse Here Jesus Christus!

Die drieledigheid van die mens.

Die nuutste teologie van die ‘moderne en verligte’ een-en-twintigste eeu is dat die mens sterf soos ‘n dier en dat daar geen lewe in die hiernamaals is nie. Wat ‘n klug! Daar is dan ook sommige wat wel glo in ‘n moontlike ‘lewe na die dood’, maar probeer ontvlugting soek vir die groot wit troon oordeel van God en die straf in die ewige hel met ‘n onuitbluslike vuur, deur hulle fisiese liggame te laat veras met die idêe dat enige moontlike lewe na die dood uitgewis is.

Heb 9:27 En net soos die mense bestem is om een maal te sterwe en daarna die oordeel,

Open 20:11 **En ek het ‘n groot wit troon gesien en Hom wat daarop sit, voor wie se aangesig die aarde en die hemel weggevlug het; en daar is geen plek vir hulle gevind nie.**

Open 20:12 En ek het die dode, klein en groot, voor God sien staan, **en die boeke is geopen; en ‘n ander boek, die boek van die lewe, is geopen.** En die dode is geoordeel na wat in die boeke geskryf is, volgens hulle werke.

Open 20:13 En die see het die dode gegee wat daarin was, en die dood en die doderyk het die dode gegee wat daarin was; en hulle is geoordeel, elkeen volgens sy werke.

Open 20:14 En die dood en die doderyk is in die poel van vuur gewerp. Dit is die tweede dood.

Open 20:15 En as dit bevind is dat iemand nie opgeskryf was in die boek van die lewe nie, is hy in die poel van vuur gewerp.

“En God het gesê: Laat Ons mense maak na ons beeld, na ons gelykenis,.....” [Gen 1:26] Die mens is geskape volgens die beeld en gelykenis van God. God is ‘n drie-eenheid, die mens word geskape, ‘n drieledige wese. Gees, siel en liggaam.

Die verskil tussen plante en diere is dat die plant geen bewuste lewe of **siel het nie, maar die dier het wel ‘n lewende, bewuste siel.** [Maar geen gees nie.]

Lev 17:14 want wat die siel van alle vlees aangaan, sy bloed is met sy siel verbind. Daarom het Ek aan die kinders van Israel gesê: Julle mag die bloed van enige vlees nie eet nie, want die siel van alle vlees is sy bloed; elkeen wat dit eet, moet uitgeroei word.

Die verskil tussen diere en die mens is dat hoewel diere ‘n bewuste lewe of siel het, net soos die mens, het die mens ook ‘n ‘gees’ van God ontvang. In 1Thes 5:23 lees ons van die drieledigheid van die mens.


1Thes 5:23 En mag Hy, die God van die vrede, julle volkome heilig maak, en mag julle gees en siel en liggaam geheel en al onberispelik bewaar word by die wederkoms van onse Here Jesus Christus!

Die mens het dus ‘n fisiese, vleeslike liggaam wat deur die natuurlike wette **beheer word, sowel as ‘n geestelike liggaam** wat reguleer word deur geestelike wette. Die natuurlike liggaam is aangepas vir die natuurlike wêreld, waar die geestelike liggaam aangepas is vir die geesteswêreld.

Die drieledige natuur van die mens kan geïllustreer word deur die uiteensetting van die tabernakel. **Die tabernakel was ‘n tent, omring deur ‘n buitehof. Hierdie buitehof was afgesluit deur ‘n gordynheining. Die tent was deur ‘n gordyn of sluier verdeel in twee dele.** Die een deel het twee-derdes van die tent beslaan en het bekend gestaan as die **‘Heilige’**. Die kleiner deel het bekend gestaan as die **‘Allerheiligste’**. Met betrekking tot die drieledigheid van die mens simboliseer die buitehof die vleeslike liggaam, die **‘Heilige’ simboliseer die siel** en die **‘Allerheiligste’ die gees** van die mens.

Soos wat die tabernakel **‘leeg’** was totdat die Gees van die Here neergedaal het en die **‘Allerheiligste’** gevul het, so is die mens ook **‘leeg’** totdat die Heilige Gees, die gees van die mens vul en in besit neem.

By die afsterwe van die mens, word sy siel en gees geskei van die liggaam. Die liggaam word begrawe— keer terug na die stof van die aarde, maar die gees is nie **‘liggaamloos’** nie. Dit het, wat



Paulus noem, 'n geestelike liggaam. Hierdie gedagte kan pragtig geïllustreer word deur 'n vrug, naamlik die perske.

Die perske is 'n drie-eenheid. Dit bestaan uit die vlees van die perske, die pit en dan die kern van die pit. Die vlees van die perske is simbolies van die vlees van die mens. Die pit is simbolies van die siel van die mens en die kern is simbolies van die gees van die mens.



Die **mens is dus 'n gees, het 'n siel en woon in 'n tydelike [vleeslike] liggaam**. Verwyder die perske se vlees van die pit, en die kern het nogsteeds 'n 'liggaam' - die pit. Wanneer die mens se liggaam dus by die dood van die 'siel en gees' verwyder word, het die gees

nogsteeds 'n liggaam—die **'sielsliggaam'**. Aangesien hierdie 'sielsliggaam' kan hoor, praat, dink en voel, moet dit ook 'n tastbare vorm hê. Dit is nie 'n spookagtige struktuur nie.

Wanneer ons kyk na die verhaal [*nie n gelykenis nie - omdat Lasarus se naam genoem word.*] van Lasarus en die rykman in Luk. 16:19-31 sien ons dat terwyl hul liggame op die aarde begrawe is en dus in die grafte agtergelaat is, hulle tog in herkenbare **'liggame'** in die hiernamaals verskyn het. Lasarus in die Paradys en die rykman in die Doderyk. Die rykman kon praat, hy kon voel, onthou, sien, hy het dors gekry, en hy het Lasarus herken. [*Dit sou onmoontlik gewees het indien Lasarus nie 'n liggaam in 'n herkenbare vorm gehad het nie. Sy 'sielsliggaam' moes dus dieselfde voorkoms as sy vleeslike liggaam gehad het. Dit moes presies dieselfde gelyk het.*] Hy het oor al sy sinne beskik en het ook nie sy persoonlikheid verloor nie.

Die mens is net soveel homself wanneer hy van sy klere gestroop is, as wanneer hy dit aan het. Net so stroop die dood die mens van sy **vleeslike liggaam en verander sy 'omgewing', maar vernietig nie sy persoonlikheid of liggaamsvorm nie.**

'Slaap' in die Bybel, verwys altyd na die fisiese liggaam en nie na die **'sielsliggaam'** nie.

Die drievoudige natuur van die mens.


Om dit te illustreer trek ons drie sirkels binne-in mekaar. Die een groter as die ander.

Die buitenste sirkel stel die vleeslike/natuurlike liggaam van die mens voor. Die mens ervaar die materiële wêreld deur die vyf sintuie [hekke van die liggaam], sig [sien], reuk, gehoor, smaak en gevoel. Die siel gebruik die vyf sintuie van die liggaam om alles in die materiële wêreld te ontdek, homself uit te druk en met die buitewêreld te kommunikeer.

Die vyf hekke [sintuie] van die siel is: verbeelding, gewete, geheue, redenasie vermoë en gevoelens. Die *hek van verbeelding* van die siel, korrespondeer met die *hek van sig* van die liggaam. Dit word die oog waarmee die siel sien. Die *hek van die gewete*, korrespondeer met die *hek van reuk*, waardeur die siel die teenwoordigheid van goed of boos vasstel. Die *hek van geheue* korrespondeer met die *hek van gehoor*, waardeur die siel herroep wat dit gehoor het. Die hek van redenasie korrespondeer met die hek van smaak. Wat die siel toelaat om feite te vergelyk soos smaak, voedsels vergelyk. Die *hek van gevoelens* korrespondeer met die *hek van gevoel*. Dit is die hand waarmee die siel die persoon voel wie dit liefhet.

Die gees ontvang indrukke van die buite wêreld en materiële dinge deur middel van die siel en liggaam. Die sintuiglike vermoëns van die gees is die geestelike vermoëns van Geloof, Heiligheid, Geregtigheid, Gebed en Aanbidding.

Voor die sondeval was die gees van die mens verlig vanuit die hemel, maar toe die menslike ras, deur Adam, in sonde geval het, het sonde die venster van die gees toegemaak en die gordyn



dig getrek en die kamer van die gees het die kamer van die dood geword. In elke onwedergebore hart regeer die dood totdat die lewegewende- en verliggende krag van die Heilige Gees hierdie kamer van die gees oorstrom met die nuwe lewe in Christus Jesus. Dan verstaan ons waarom die natuurlike mens nie die

dinge van die gees kan verstaan en aanvaar nie. Hy kan dit slegs doen wanneer die geestelike natuur weergebore is.

1Kor 2:14 Maar die natuurlike mens neem die dinge van die Gees van God nie aan nie; want dit is vir hom dwaasheid, en hy kan dit nie verstaan nie, omdat dit geestelik beoordeel word.

Joh 3:5 Jesus antwoord: Voorwaar, voorwaar Ek sê vir jou, as iemand nie gebore word uit water en Gees nie, kan hy in die koninkryk van God nie ingaan nie.

Die gees van die natuurlike mens is nie alleen verdonker nie, sy **“wil”** staan ook wag by die deur en verhinder die Heilige Gees om in te kom en dit is slegs wanneer die **“wil”** oorgee, deur die krag van die **‘Swaard van die Gees’** [die Woord van God] dat die Heilige Gees kan ingaan en Sy plek inneem in die gees van die mens.

Die slagveld tussen goed en boos, is in die siel van die mens. Dit is nie genoeg dat die Heilige Gees die gees van die mens oorneem nie, Hy moet ook toegang hê tot die siel en die liggaam. Slegs dan kan die mens geheilig word. **Heiligheid is gebaseer op ‘n** Geesge vulde gees, siel en liggaam. **‘n Gesonde gees en siel het ‘n gesonde liggaam nodig.** Wanneer die liggaam oorgegee word aan die begeertes en luste van die vlees wat dit verswak, word die gees en die siel ook nadelig geraak en die hele mens word geestelik siek.

Die ewige tuiste van die gees en die siel.

In die verhaal **van die rykman en Lasarus het ons ‘n beskrywing van die onderwêreld.** Dit het bestaan uit twee afdelings. Die Paradys en die Doderyk met **‘n onoorbrugbare kloof tussen die twee.** Aan die onderkant van die kloof is die bodemlose **put of ‘Abussos’.** Dit is ‘n tydelike plek van bewaring vir bose geeste/demone. Abussos het sy eie koning, Apóleion [Grieks] of Abáddon [Hebreeus], maar God hou dit gesluit tot Hy besluit om dit oop te maak. [Sien Openb. 9:1-11; 17:8; 20:1-3]

Apóleion beteken: verderf en Abáddon beteken: vernietiging, ondergang.

Open 20:1 **En ek het 'n engel uit die hemel sien neerdaal, met die sleutel van die afgrond en 'n groot ketting in sy hand.**

Open 20:2 En hy het die draak gegryp die ou slang wat die duivel en die Satan is en hy het hom gebind duisend jaar lank,

Open 20:3 en hom in die afgrond [Abussos— bodemlose put] gewerp en hom toegesluit en dit bo hom verseël, sodat hy die nasies nie meer sou verlei totdat die duisend jaar voleindig is nie.

Daarna moet hy dan 'n kort tydjie ontbind word.

Voor die opstanding van Christus het die siel en gees van die regverdige afgestorwenes na die Paradys-afdeling van die onderwêreld gegaan. Op die dag van Sy opstanding het die siel en gees van Jesus teruggekeer van die onderwêreld, maar Hy het nie alleen teruggekeer nie. Hy het al die inwoners van die Paradys-afdeling saam met Hom gebring en oorgeplaas na die derde hemele. [Sien kaart—die drie hemele.]

Huidiglik is die bose afgestorwenes nogsteeds in die Doderyk, waar hulle sal bly tot met die tweede opstanding, die Wittroon Oordeel van Opb. 20:11-15. [Na die duisendjarige vredeeryk.]

In die nuwe hemele en nuwe aarde [Na die duisendjarige vredeeryk.] sal die mens weer herstel wees tot die toestand waarin Adam was **voor die sondeval en die 'sluier' tussen die Natuurlike-** en Geesteswêreld sal verwyder word.

Die Liggaam

Die fisiese liggaam is die sterflike deel van die mens. Die liggaam is 'wêreld-**bewus**'. Dit is jou kontak met die fisiese realm. Die liggaam reageer op wat in die gees en siel aangaan. Die mens moet God verheerlik in sy liggaam, siel en gees.

1Kor 6:19 Of weet julle nie dat **julle liggaam 'n tempel is van die Heilige Gees** wat in julle is, wat julle van God het, en dat julle

nie aan juiself behoort nie?

1Kor 6:20 Want julle is duur gekoop. Verheerlik God dan in julle liggaam en in julle gees wat aan God behoort.

Rom 12:1 Ek vermaan julle dan, broeders, by die ontferminge van God, dat julle **jul liggame stel as 'n lewende**, heilige en aan God welgevallige offer dit is julle redelike godsdienst.

Die vyf sintuie van die liggaam is: Sig-ons sien met ons oë; Ge- hoor- ons hoor met ons ore; Reuk- ons ruik met ons neus; Smaak- ons proe met ons mond; Tas- ons voel met ons hande.

Die Siel

Die siel is 'n onsterflike deel van die mens. Dit is die **'self**-bewuste', jou kontak met jouself en jou medemens rondom jou. Dit konsentreer hoofsaaklik op **'SELF'**. **"WAT VAN MY!"** Wat Ek dink, wat Ek wil hê en wat Ek voel. Dis die beheerkamer van die gees en liggaam. Wie **jou 'siels-kamer'** beheer, beheer jou hele lewe. As dit Christus is, beheer Hy jou lewe ten goede; as dit Satan is, beheer hy jou lewe ten kwade.

Job 12:10 [GOD] In wie se hand die siel is van alles wat leef, en die gees van alle menslike vlees.

Spr 23:7 Want soos hy in sy siel bereken, so is hy; eet en drink, sê hy vir jou, maar sy hart is nie met jou nie.

In die siel is jou persoonlikheid [geaardheid], emosies [gevoelens], WIL, kennis en intellek [verstand] gesetel. Dit is die moeilikste area om te verander. Jy moet doelbewus hierdie area herprogrammeer, jou siel moet vernuwe word met God se Woord om Sy wil te ken en te doen en die vyand te oorwin.

Rom 12:2 En word nie aan hierdie wêreld gelykvormig nie, maar word verander deur die vernuwing van julle gemoed, sodat julle kan beproef wat die goeie en welgevallige en volmaak -

te wil van God is.

Heb 4:12 Want die woord van God is lewend en kragtig en skerper as enige tweesnydende swaard, en dring deur tot die skeiding van siel en gees en van gewrigte en murg, **en is 'n** beoordelaar van die oorlegginge en gedagtes van die hart.

Die siel het soms gevestigde negatiewe gewoontes, emosies en kennis. Dit gaan nie by wedergeboorte vanself verdwyn nie en kan konflik in die gemoed van die nuwe christen veroorsaak. Die sondige natuur, in die siel, is voortdurend in stryd met die gees, wat weergebore is en nou begeer om God se wil te doen.

Gal 5:17 want die vlees begeer teen die Gees, en die Gees teen die vlees; en hulle staan teenoor mekaar, sodat julle nie kan doen wat julle wil nie.

Die oplossing word alreeds in die vorige vers gegee: Gal 5:16 Maar ek sê: Wandel deur die Gees, dan sal julle nooit die begeerlikheid van die vlees volbring nie;

1Joh 3:9 Elkeen wat uit God gebore is, doen geen sonde nie, omdat sy saad in hom bly; en hy kan nie sondig nie, want hy is uit God gebore.

1Joh 5:18 Ons weet dat elkeen wat uit God gebore is, nie sondig nie; maar hy wat uit God gebore is, bewaar homself, en die Bose het geen vat op hom nie.

Die mens moet dus die Woord van God elke dag bestudeer en memoriseer om toegerus te wees vir die geveg teen die sondige natuur sowel as die vyand, Satan.

Hand 17:11 En hierdie mense [die mense van Berea] was edelmoediger as dié in Thessaloníka; hulle het die woord met alle welwillendheid ontvang en elke dag die Skrifte [Bybel] ondersoek of hierdie dinge so was.

Kol 3:16 Laat die woord van Christus ryklik in julle woon in alle wysheid. Leer en vermaan mekaar met psalms en lofsange en geestelike liedere, en sing in julle hart met dankbaarheid tot eer van die Here.

Jak 1:21 Daarom, doen afstand van alle vuiligheid en oorvloed van boosheid, en ontvang met sagmoedigheid die ingeplante woord, wat in staat is om julle siele te red.

Jak 1:22 En word daders van die woord en nie net hoorders wat julleself bedrieg nie.

Dit kos soms deursettingsvermoë om jou siel aan God te onderwerp en in lyn te kom met jou Geesge vulde gees, wat nou net God se wil begeer.

Efes 4:22 dat julle, wat die vorige lewenswandel betref die oue mens moet aflê wat deur die begeerlikhede van die verleiding te gronde gaan,

Efes 4:23 en dat julle vernuwe moet word in die gees van julle gemoed

Efes 4:24 en julle met die nuwe mens moet bekleed wat na God geskape is in ware geregtigheid en heiligheid.

Rom 6:1 Wat sal ons dan sê? Sal ons in die sonde bly, dat die genade meer kan word?

Rom 6:2 Nee, stellig nie! Ons wat die sonde afgesterf het, hoe kan ons nog daarin lewe?

Rom 6:3 Of weet julle nie dat ons almal wat in Christus Jesus gedoop is, in sy dood gedoop is nie?

Rom 6:4 Ons is dus saam met Hom begrawe deur die doop in die dood, sodat net soos Christus uit die dode opgewek is deur die heerlikheid van die Vader, **ons ook so in 'n nuwe lewe kan wandel.**

Rom 6:5 Want as ons met Hom saamgegroe het deur die gelykvormigheid aan sy dood [= die onderdompelings doop],

sal ons dit tog ook wees deur dié aan sy opstanding;
Rom 6:6 aangesien ons dit weet dat ons oue mens saam gekruisig is, sodat die liggaam van die sonde tot niet gemaak sou word en ons nie meer die sonde sou dien nie.

Rom 8:13 want as julle na die vlees lewe, sal julle sterwe, maar as julle deur die Gees die werke van die liggaam doodmaak, sal julle lewe.

Kol 3:8 Maar nou moet julle ook dit alles aflê, naamlik toorn, woede, boosheid, laster, skandelige taal uit julle mond.

Kol 3:9 Lieg nie vir mekaar nie, omdat julle die oue mens met sy werke afgelê het

Kol 3:10 en julle jul met die nuwe mens bekleed het wat vernuwe word tot kennis *na die beeld van sy Skepper*,

Heb 12:4 Julle het nog nie *ten bloede toe weerstand gebied in julle stryd teen die sonde nie*.

Gal 5:19 En die werke van die vlees is openbaar, naamlik owerspel, hoerery, onreinheid, ongebondenheid;

Gal 5:20 afgodery, towery, vyandskap, twis, jaloersheid, toornigheid, naywer, tweedrag, partyskap;

Gal 5:21 afguns, moord, dronkenskap, brassery en dergelyke dinge, waarvan ek julle vooraf sê, soos ek al vroeër gesê het, dat die wat sulke dinge doen, die koninkryk van God nie sal beërwe nie. [Sal dus hemel nie maak nie]

Gal 5:22 Maar die vrug van die Gees is liefde, blydschap, vrede, lankmoedigheid, vriendelikheid, goedheid, getrouheid, sagmoedigheid, selfbeheersing.

Die Slagveld

Die siel is dan ook die area [slagveld] waar die duiwel en sy demone die mens die ergste aanval. **Doen 'n deeglike ondersoek** na elke gedagte wat by jou opkom. Satan gebruik dikwels **slegs 'n gedagte om die mens in 'n spesifieke rigting te lei**. Gewoonlik die verkeerde rigting. Ondersoek sulke gedagtes en

onderwerp dit aan die toets van God se Woord.

Dit is die rede waarom dit so belangrik is dat ons God se Woord ken. Wanneer ons die Woord ken, weet ons die meeste van die tyd onmiddellik of die gedagte of idee wat nou ter sprake is, van God is OF nie. Kennis van die Woord maak net eenvoudig die mens se lewe en die stryd teen die vyand soveel makliker. Daar is baie duidelike riglyne hoe ons moet lewe en optree en ons is net te lui om dit te lees.

Efes 6:10 Eindelijk, my broeders, word kragtig in die Here en in die krag van sy sterkte.

Efes 6:11 Trek die volle wapenrusting van God aan, sodat julle staande kan bly teen die liste van die duivel.

Efes 6:12 Want ons worstelstryd is nie teen vlees en bloed nie, maar teen die owerhede, teen die magte, teen die wêreldheersers van die duisternis van hierdie eeu, teen die bose geeste in die lug.

Efes 6:13 Daarom, neem die volle wapenrusting van God op, sodat julle weerstand kan bied in die dag van onheil en, nadat julle alles volbring het, staande kan bly.

Efes 6:14 Staan dan vas, julle lendene met die waarheid omgord, met die borswapen van die geregtigheid aan,

Efes 6:15 en as skoene aan julle voete die bereidheid vir die evangelie van vrede.

Efes 6:16 Behalwe dit alles neem die skild van die geloof op waarmee julle al die vurige pyle van die Bose sal kan uitblus.

Efes 6:17 En neem aan die helm van verlossing en die swaard van die Gees—dit is die woord van God—

Efes 6:18 terwyl julle met alle gebed en smeking by elke geleentheid bid in die Gees, en juis daartoe waak met alle volharding en smeking vir al die heiliges

Die vyf sintuie van die siel is: Verbeelding, Gewete, Geheue, Redenasie vermoë en Gevoelens.

Die Gees

Ook die gees is onsterflik. Dit is die **‘God-bewuste’** deel van die mens. Ook genoem die **‘hart’** van die mens. [Mat 5:8 Salig is die wat rein van hart is, want hulle sal God sien.] Hier maak jy kontak met God en kommunikeer met Hom. Sonder Jesus is jy **‘geestelik dood’**. Jou gees verander onmiddelik by wedergeboorte.

Efes 2:1 En julle het Hy lewend gemaak, wat dood was deur die misdade en die sondes

Gen 2:7 En die HERE God het die mens geformeer uit die stof van die aarde en in sy neus die asem van die lewe geblaas. So **het dan die mens ‘n lewende sie!** geword.

Psa 104:29 U verberg u aangesig, hulle word verskrik; U neem hulle asem weg, hulle sterwe en keer terug tot hul stof.

Spr 20:27 Die gees van die mens is ‘n lamp van die HERE, dit deursoek al die kamers van die binneste.

Pred 12:5; want die mens gaan na sy ewige huis, en die rouklaers sal op die straat rondgaan.

Pred 12:6 Voordat die silwerdraad verwyder word en die goue oliekruiк stukkend val en die kruiк by die fontein gebreek word en die wiel stukkend in die put val

Pred 12:7 en die stof na die aarde terugkeer soos dit gewees het, en die gees na God terugkeer wat dit gegee het.

Jak 2:26 Want soos die liggaam sonder gees dood is, so is ook die geloof sonder die werke dood.

Heb 9:27 En net soos die mense bestem is om een maal te sterwe en daarna die oordeel,

God se wil vir die mens:

Perfekte harmonie tussen liggaam, siel en gees—EN
God se Gees.

Joh 3:16 Want so lief het God die wêreld gehad, dat Hy sy eniggebore Seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê.

1Tim 2:3 Want dit is goed en aangenaam voor God, ons Verlosser,
1Tim 2:4 wat wil hê dat alle mense gered word en tot kennis van die waarheid kom.

Jer 29:11 Want Ék weet watter gedagtes Ek aangaande julle koester, spreek die HERE, gedagtes van vrede en nie van **onheil nie, om julle ‘n hoopvolle toekoms te gee.**

3Joh 1:2 Geliefde, ek wens dat dit met jou in alles goed mag gaan en dat jy gesond is, soos dit met jou siel goed gaan;

Eseg 33:11 Sê vir hulle: So waar as Ek leef, spreek die Here HERE, gewis, Ek het geen behae in die dood van die goddelose nie, maar daarin dat die goddelose hom bekeer van sy weg en lewe. Bekeer julle, bekeer julle van jul verkeerde weë! Waarom tog wil julle sterwe, o huis van Israel?

Psa 41:3 Die HERE sal hom bewaar en hom in die lewe hou; hy sal gelukkig gemaak word op die aarde. Ja, U kan hom nie oorgee aan die begeerte van sy vyande nie.

Psa 41:4 Die HERE sal hom ondersteun op die siekbed; sy hele slaapplek verander U as hy krank is.

1Thes 5:23 En mag Hy, die God van die vrede, julle volkome heilig maak, en mag julle gees en siel en liggaam geheel en al onberispelik bewaar word by die wederkoms van onse Here Jesus Christus!

Open 3:20 Kyk, Ek staan by die deur en Ek klop. As iemand my stem hoor en die deur oopmaak, sal Ek ingaan na hom toe en saam met hom maaltyd hou, en hy met My.



Jesus se uitnodiging !!!!!

1Joh 1:9 As ons ons sondes bely, Hy is getrou en regverdig om ons die sondes te vergewe en ons van alle ongeregtigheid te reinig.\ Psm 38:19(b) Ek is bekommerd oor my sondes !!!

Tussen die hemel en die hel **is daar 'n kloof**—die kloof van die ewigheid. Hierdie kloof is onoorbrugbaar. Tussen die **hemel en die aarde is daar ook 'n kloof**—die kloof van tyd. Hierdie kloof is egter oorbrugbaar deur die **bloed van Jesus Christus**. U sal eendag self voor God moet staan en rekenskap gee van u lewe. U sal nie kan sê dat u nie geweet het nie.

Joh 12:48 Wie My verwerp en my woorde nie aanneem nie, het een wat hom oordeel: die woord wat Ek gespreek het, dit sal hom oordeel in die laaste dag.\Hand 17:30 onkunde oorgesien

Jes 1:18 Kom nou en laat ons die saak uitmaak, sê die HERE: al was julle sondes soos skarlaken, dit sal wit word soos sneeu; al was dit rooi soos purper, dit sal word soos wol.

Amos 4:12—maak jou klaar om jou God te **ontmoet,**

Saamgestel deur:

Past Willie Horne
Posbus 872
KLEINBRAK
6503

Tel/Fax (044) 696-5891
E-pos: konanja333@gmail.com

Indien u enige berading, geestelike hulp of gebed benodig, kan u ons kontak by bogenoemde kontak besonderhede.

Die Here seën U !!!



As ons ontmoet en jy vergeet ons, het jy niks verloor nie, maar as jy **Jesus Christus** ontmoet het en jy vergeet **Hom**, het jy alles verloor.

